



## TOULEIER



## Haarsny in die Verre Ooste

**Pierre Smit skryf uit die Verre Ooste**

**D**ie kuberruimte van Kammaland was nog altyd 'n kweekaarde vir nuwe kontakte, nuwe plekke en nuwe belewenisse. Hierdie maand breek ek bietjie weg van my eie storie en stel julle voor aan een van ons nuwe lesers. Eintlik twee van hulle. Pierre en Sugnet Smit voorheen van Aranos in Duitswes.

Pierre en *My Lief*, soos hy Sugnet in sy blog noem, het besluit om albei hul werk te bedank en die wye wêreld oor die water te gaan verken. Hulle was nou al in verskeie lande in die Verre Ooste en ons sluit by hulle aan in die Filippyne, waar hulle van eiland tot eiland beweeg en dit met voete op die grond beleef.

Ek sal dit waardeer as die lesers laat weet of die soort storie byval vind en of ek maar kan aangaan om so dan en wan stukkies van hulle te plaas. Dié wat self hul blog wil volg, laat weet deur 'n e-pos aan my te stuur by [pos@onsdrp.com](mailto:pos@onsdrp.com) met die opskrif 'Oudoring'. Ek sal dan die skakel aanstuur. Die Smits is tans in El Nido waar Pierre besluit dis tyd vir 'n haarsny.

Hy skryf:

### **El Nido**

Die keuse van 'n haarkapper is een van die lastige uitdagings wat 'n langtermyn reisiqer een of ander tyd teëkom. Jou hare word langer, jy kyk minder gereeld in die spieël, dra meer gereeld 'n kep, kom anders uit die water uit as gewoonlik en droog langer af na 'n stort. Tot op 'n dag wanneer jy besef dat 'n haarsny nou onvermydelik is.

Dan begin die groot soek na 'n barbier wat kundig, betroubaar en inskiklik is, prys in aq genome. Dekor van die haarsalon is 'n belangrike maatstaf, en so ook die haarstyl van die barbier. Ligging is minder belangrik.

Dis met groot agterdog wat ek op 'n Saterdagand, tussen agt en nege, onder luide aanmoediging van My Lief by 'n haarsnyhok met grasgroen mure instap. Hok, want dit lyk soos 'n tydelike skuiling. Al die nodige wapens is egter netjies uitgestal, skêre van verskillende groottes, skeermesse met lemmetjies, verskeie borsels, poeier, doeke, spuitkannetjies, 3 in One olie en Wahl-knipppers.

Die barbiere luister na musiek van 'n wyle geleë. Op die muur is daar 'n verbleikte foto van Brad Pitt, ook van 'n wyle gelede, en foto's van ander onbekende manne, een met maanhare en 'n ander met 'n kwêvoëlkuif. Beide barbierstoel is selfgemaak, gemonteer op 'n ou lorrierim as voetstuk, en witgeverf.

Die sitplekke is voos gesit; hierdie manne moes al honderde koppe onder hulle hande gehad het. Haresny is hul forté, daarom is daar geen sjampoemeisies, geen wasbakke, geen haardroërs, geen tydskrifte.

Op die bankie waar ek my beurt af wag, bestudeer ek die twee barbiere. Albei lyk vaardig, maar dit pla my dat die een 'n hoed op het. Kan dit wees dat hy 'n mislukte kleur-eksperiment wegsteek, of het die ander barbier dalk sy haredos, ook op 'n Saterdagand, verwoes? Wie van die twee gaan op my losgelaat word? Ek hoop vir die hoedlose een. En ek kry hom.

Konsensus oor die styl van die bloedjong Brad Pitt word verkry, en die knippery begin op Bon Jovi se Bed of Roses. Dit eindig met Bryan Adams se Please Forgive Me, wat my nogal verontrus laat. Nogtans is daar niks fout nie, en dit kos 'n skamele honderd pesos, sowat R25. My stertjie waai.

**Hennie Greeff**

**UITGEWER**

**Onrusrivier**

**[pos@onsdrp.com](mailto:pos@onsdrp.com)**

# Om die kampvuur

## Waar kry jy daardie woord?

### Die herkoms van Afrikaanse woorde

Deur Sophia Kapp

Ek vind dikwels dat mense onrustig, ongedurig en somtyds sommer onverdraagsaam raak as hulle vermoed dat ons 'n woord in Afrikaans gebruik wat ons uit 'n ander taal gaan leen het. Veral as die leenwoord toevallig ook 'n nefie of ouer suster in Engels het, is gebruikers erg agterdogtig oor dié woord se teenwoordigheid in die AWS. Noem maar Romaanse woorde soos "evalueer" of "repudieer" wat in die jaar gunter al in die AWS opgeneem is, en jy het dadelik 'n klomp morrendes wat meen dat die Taalkommissie die taal nou weer verloën.

Die feit is, Afrikaans se herkoms is verwickeld. Niks aan enige taal se herkoms is ooit eenvoudig of lynreg terug te trek tot by Adam en Eva in die paradys nie, en Afrikaans is niks anders as die res nie. Hier is 'n paar ingeburgerde Afrikaanse woorde wat elk 'n interessante en baie on-Afrikaanse geskiedenis het.

1. **whiskey** (*nw.*) 'n Verkorte vorm van "whiskeybae", uit Oudengels "usquebae", wat afgelei is van die Gaelies "uisce" (water) en "bethu" (lewe). Letterlik: lewenswater.
2. **robot** (*nw.*) Ontleen uit Tsjeggies, waar "robota" beteken "gedwonge arbeid".
3. **kwarantyn** (*nw.*) Uit die Frans "quarante", wat "veertig" beteken. (Luister maar eersdaags na die skeidsregters op Roland Garros.) Die regulasie was dat enige seilskip wat moontlik een of ander besmetting kon dra, 40 dae lank voor anker moes lê voordat dit enige kontak met die land kon hê.
4. **pamflet** (*nw.*) Afgelei van die titel van 'n Latynse liefdesgedig "Pamphilus" wat blykbaar fisiek van een persoon na die volgende aangegee is.
5. **jeans** (*nw.*) Ha, jy het gedink dis 'n Amerikaanse woord, nè? (Toe maar, ek het dit ook gedink voor ek dié brokkie raakgelees het.) Die woord is afgelei van die Italiaanse pleknaam Genua, waar dié kledingstuk blykbaar vandaan kom.
6. **denim** (*nw.*) Dié woord is ook nie Amerikaans nie. Die stof is oorspronklik in Nimes in Frankryk vervaardig en het bekend gestaan as "serge de Nimes" (letterlik: materiaal uit Nimes). Die "serge" het mettertyd weggeval en net die "de Nimes" het oorgebly.
7. **sokker** (*nw.*) Hierdie een kom wel uit Brittanje. Hoewel dit daar as "football" (of "footie") bekend staan, is die bynaam "socca" aanvanklik uit die middel van die volle naam "Association Football" afgelei.
8. **malaria** (*nw.*) Direk oorgeneem uit die Latyn, waar "mal" beteken het "slegte" en "aria" beteken het "lug". So genoem omdat die lug in die omgewing van die moerasse in Rome (waar die muskiete ook uitgebroei het) onaangenaam was.
9. **tragedie** (*nw.*) Van die Grieks "tragodia", wat "lied van die manlike bok" beteken. Nee, ek het geen idee hoe om dié bokkloutjie by die taaloortjie te kry nie, buiten dat ek vermoed dat dit na 'n gesanik verwys.
10. **avokado** (*nw.*) (Ek wed jou jy het gewonder oor "avokado".) Die Asteekse naam vir die vrug was "ahuacatl", wat beteken het "testikel". Ek dink almal sal saamstem dat ons eerder die leenwoord as die eg Afrikaanse naam vir dié vrug wil gebruik. Ons wil darem nog kan slaai eet en dit geniet.

Sophia Kapp is senior taaladviseur by die Virtuele Instituut vir Afrikaans, lid van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en 'n skrywer. Sy help (gratis) met enige taalnavrae per e-pos by [sophia@viva-afrikaans.org](mailto:sophia@viva-afrikaans.org) of per WhatsApp by 062 126 0295.

### Woord vir die week: FOETER ww.

Slaan, pla, peuter, met geweld iewers heen gaan, onversigtig te werk gaan.

Uit die Frans foutre. Dit beteken f\*k\*of.

# Duskantlander in Anderkantland

## Waar is modderkoekietyd heen?



**Daniël Bezuidenhout kuier by haar kinders in Ierland.**

**D**ie dag het gekom dat ek eendag my eie oë uitvee en daar sit ek met 'n man en my eie twee kinders. "Goeie gom!" Om my kinders groot te kry was 'n 18-jaar gebedsaak. Soos vele ander het dit so bekoorlik gelyk om tog net groot te wil wees. Daar was dae wat ek my kroos volgroeï en uit die huis gewens het. Ek staan verstom oor hoe ouers deesdae soos slawe rondspring om die grille en giere van hulle bloedjies te verwesenlik.

Natuurlik lyk dit koelgat om kredietkaarte te swiep en konstabels af te skrik met motorliksense, nagmaalwyn te slurp. Grootmense mog mos doen nêť wat hulle wil! My meisiekind het self ook klak-klak my hoëhakskoene en sykouse getoetsloop in die gang af, my ou lipstiffie opgesnuif en haar poppe daarmee besmeer. Maar daar was duidelike grenslyne want op my beste het ek soos 'n swanger varksog wat in 'n pendoring getrap het aan die skree gegaan. Selfs in hierdie dag, weet my kinders ek kan enige vloemoer van hulle oordoën.

Ek het geen bloedkind van my in 'n restaurant gesmeek om 'n pienk worsie te eet nie. Hulle het gou besef, eet wat voorkom om te oorleef of dood van die honger totdat dit tyd vir aandete is. Grootmense eet die soet waatlemoenkrone, en ons kinders moes die waterige skywe eet. Pa mag eerste kies watter stukkie hoender hy wil hê, en kinders mag nie hulle monde opblaas oor die benerige vlerkie waaraan daar partykeer nog haartjies vassit nie.

Om jou kinderjare te oorleef, moes jy as kind altyd maak soos grootmense sê. Al is jy nie vaak nie, moet jy gaan slaap as jou ma so sê, dit geld ook vir Sondagmiddag slaap. Kool moes jy eet omdat jou pa sê jy kry geen poeding met eiervla voordat jou kool nie opgeëet is nie. Ma het darem die kool opgesoep met witsous en weggesteek onder gesmelte rasperkaas.

Nooit as te nimmer mog jy waag om in grootmens geselskap tande te tel nie, dan sê jou ma jy moet op die daad klavierspeel vir die mense of jou splits wys.

En niks kan jou naarder maak as 'n groot lepel vol brandewyn nie. Behoed jou as jy kla van koppyn, maagseer of naargeid. Dan moet jy dit drink, want jou ma sê jy gaan wurms kry van speel in die sand waarin jy modderkoekies bak en sandpaaie stoot. Almal weet die werfkatte grou hulle gaatjies in die sand waarin kinders om die huis speel.

Die dag het gekom dat my spriete hulleself in Dublin as studente uitwoed en Namibië se rooisand agterlaat. Twee ure se vlugtyd van Windhoek na die RSA was effe te gewaag, toe kies hulle Dublin, 'n hele 16-ure se vlug verder. Ons het met die langpad vanuit Windhoek kom kuier by die kinders. Ons monde hang oop soos twee snoekvisse wat op die Kalaharierooisand uitgespoel het.

Die studentekinders besef nou dis nie altyd lekker om 'n grootmens te wees nie, intendeel dis baie moeilik. Hulle moet self betaal vir selfone se lugtyd, die internet betalings, hoemedisyne, fliekgeld om niks van yogabroeke en fietsslotte te noem nie.

My Vrystaatman en ek sit en loer en knik onderlangs vir mekaar en glimlag agter die hand oor die mond geslaan. Hulle bestel water saam met hulle etes, gaskoeldrank is boosaardig duur, pienkworsies is gif, brandewyn is bedoel vir laataand studietyd om op te warm, en hulle maak dubbeld seker die fietse is behoorlik vasgesluit. 'n Fietsslot is immers goedkoper as om die fiets te vervang.

Dit voel iemand lees die nuwe rookwet vir my voor. My student-kinnere maak ons attent op sakkerollers, vra of ons warm jasse saamdra, weier dat ons oor rooiligte die pad kruis en skud kop vir ander ouers in Dublin wat geen papelepelwet mag toepas nie.

Die beste tyd van jou lewe is die tyd wat jy in jou pa se huis bly en hy vir als betaal en jou moeder als vir jou doen uit liefde en instink. My seun luister aandagtig na sy pa se voorstelle rakende mediese eise en die meisiekind het sopas haar eerste kredietkaart opgesnipper. Ek sluk die knop in my keel weg en wonder waar het die modderkoekietyd verbygeglim.

Wat makeer ons gemeenskap dat almal kinders soos puisies wil rypdruk? Ek sal dit als net so weer oordoën, met 'n plakkie in die hand, vrywillige slaaf vir my skielik gróót kinders.

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## NOU TOE NOU!

Gehoor van die pasgetroude paartjie wat gaan skei?  
Dit het begin toe die man die aand by die huis kom en vra:  
"Liefie, wat is daar vir aandete?"  
Die vrou tjie antwoord toe: "Seks."  
En die man sê: "Dê, dis wat ek vir middagete gehad het!"

## WETTIGE WRAAK

Onderwyl die vrou in haar handsak na haar beursie vroetel, let die kassier op dat die TV se afstandbeheer ook in die handsak is.  
"Dra jy dit altyd saam met jou?" vra hy.  
"Nee," sê sy. "My man wou nie saam met my winkels toe gaan nie, en dis die aakligste ding wat ek wettiglik aan hom kan doen."

## VLEIS SE PRYS

Wat doen 'n mens as die vleisprys opgaan?  
Jy koop minder vleis.  
Wat doen 'n mens as drankpryse opgaan?  
Jy koop nóg minder vleis.

V: Wat gee jy vir 'n vrou wat alles het?  
A: 'n Man wat haar wys hoe dit werk.

## KROEGGEVEG

Ek was gisteraand vir die eerste keer in 'n kroeggeveg. Ek is beslis nie so grootgemaak nie.  
Ek sit met 'n geskeurde oor, 'n gebreekte arm en 'n af vinger...  
Ek het nie 'n idee aan wie dit behoort nie ...

## RAAD WAT SAL WERK

Die man is dokter toe oor 'n verkoue wat net nie die wyk wou neem nie. Hy is 'n klomp pille voorgeskryf, maar die verkoue het vasgeskop.  
Toe sê die dokter die man moet huis toe gaan, 'n lang, koue bad vat en dan 'n uur lank kaal voor 'n oop venster staan.  
"Maar sal ek nie longontsteking kry nie?"  
"Presies," sê die dokter. Maar ons weet hoe om longontsteking gesond te maak."

## JANNIE SE OUMA

Klein Jannie en sy gesin eet Sondagmiddag by ouma. Toe almal gaan sit, begin ouma die kos opskep.  
Toe Jannie sy bord kos ontvang, begin hy dadelik eet.  
"Jannie, nee!" sê sy ma.  
"Wag asseblief tot ons gebid het."  
"Ek hoef nie," sê hy dadelik.  
"Natuurlik moet jy!" stry sy ma. "Ons bid altyd voor ons by die huis eet."  
"Ja, maar dis by ons huis," verduidelik Jannie.  
"Hierdie is Ouma se huis – en sy weet hoe om te kook."

## HAGAR deur Chris Browne



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak



## Dis baie lekker om 'n Duskantlander te wees!

1. Jy kan rou, gedroogde vleis eet sonder dat dit iemand afsit.
2. Niks is jou skuld nie - jy blameer dit op apartheid.
3. Jy kan elke drie maande 'n nuwe kar kry, en die versekering betaal selfs daarvoor.
4. Jy kry patetiese diens in elf amptelike tale.
5. Jy kan treine afbrand omdat hulle laat is, en die volgende dag kan jy die stasies afbrand omdat daar nie treine is nie.
6. Dis al land ter wêreld waar stakende werkers dans en sing om te wys hoe kwaad hulle is.
7. Hulle dink jy is lomp as jy nie jou selfoon gebruik, CD's omruil, 'n koeldrank drink, jou grimering versorg en 'n sigaret aansteek en die koerant lees onderwyl jy teen 160 km/h in 'n 60-sone ry nie.
8. As jy in Johannesburg, kan jy spog jy bly in die wêreld se gevaarlikste stad.
9. Diefwering verhoog die waarde van jou eiendom.
10. Jy mag jou erf se mure met doringdraad en bottelstukke versier.
11. Die wegsleepwaens is altyd eerste op die toneel van 'n misdaad. Vir die polisie moet jy drie keer bel, en duim vashou.
12. Die polisie vra jou of hulle die misdaad wat jy aanmeld, moet opvolg.
13. 'n Moordenaar kry ses maande tronkstraf, en iemand sonder 'n TV-lisensie kry twee jaar.
14. Tronkvoëls mag staak en in die verkiesing stem.
15. Die polisiekantore het noodalarms wat geaktiveer word as hulle beroof word.
16. Kondome is gratis, en vir plastieksakke betaal jy.
17. Politici styg in die regering se hiërargie as hulle misdaderekords het.

Ja nee, dis al te lekker hier!

## Vrae sonder antwoorde

AS ál die lande in die wêreld diep in die skuld is - waar is al die geld heen?

AS hulle 'n nuwe hondekos met 'n beter smaak op die mark bring - wie het dit getoets?

HOEKOM is daar nie 'n katkos wat na muis smaak nie?

HOEKOM is walvisse so vet as swem sulke goeie oefening is?

HOEKOM krimp 'n woltrui in die reën, maar wolskape nie?

HOEKOM het 'n broodrooster 'n verstelling wat 'n sny brood kan verbrand sodat niemand dit wil eet nie?

HOEKOM is daar 'n liggie in die yskas, maar nie in die vrieskas nie?

## Stadig oor die klippe

Een van die verklarings vir hierdie idioom gaan oor die tannie wat op 'n afgeleë plaas gesterf het.

Die begrafnis was in die familiekerkhof en die kis is op 'n ossewa gelaai, met Jonas as touleier.

Op pad soontoe moes die wa deur 'n klipperige driffie en toe die wa oor die klippe stamp, het die tannie uit 'n skyndood bygekome.

Jare later het die tannie weer die tydelike met die ewige verwissel. Toe die lykstoet uit die werf wegtrek, het oom Piet gesê dat Jonas tog net stadig oor die klippe moet gaan.



## Ons vreemde wye wêreld

### ❑ Slang se wond met gom geheg

'n Pofadder wat beseer is toe hy in 'n leekamp op Oudtshoorn beseer is, lewe nadat die wond deur personeel met chirurgiese gom geheg is.

### ❑ Vrou van luislang gered


'n Vrou van Ohio in die VSA is Vrydag deur brandweermanne uit die greep van 'n Burmese luislang gered nadat die slang homself om haar nek gedraai en haar in die gesig gebyt het.

Volgens die Elyria Chronicle-Telegram het die 45-jarige vrou glo die 911-noodnommer gebel nadat die slang, wat sy glo die vorige dag "gered" het, haar begin aanval het.

Die Elyria Chronicle-Telegram berig brandweermanne het die vrou in haar oprit opgespoor met die luislang om haar nek, besig om haar verskeie kere in die gesig te byt. Een van die brandweermanne het glo 'n knipmes gebruik om die slang se kop af te sny, waarna sy greep verslap het.

Die vrou is na die hospitaal gehaas, maar haar lewe is nie in gevaar nie.

Volgens die brandweermanne wat op die toneel was, hou die vrou sowat 11 slange, almal luislange, op haar erf aan.



Maak nie saak hoe groot en duur jou huis is nie.

Ook nie hoe groot en duur en nuut jou kar is nie.

Of hoe groot jou bankbalans is nie.

Uiteindelik is ons almal se grafte ewe groot.

## VELDMAARSKALK MOSES

Jan kom slof slof vanaf die Sondagskool by die huis aan. Jan se Pa vra belangstellend: "Jan kom vertel my wat het julle geleer by die Sondagskool vandag?"

"Pa ons het die storie van veldmaarskalk Moses geleer! Hy was sommer 'n bielie van 'n veldmaarskalk en het nie twak gevat van kabouters nie! Eendag besluit hy dis tyd dat hy en sy *army* Egipte gaan verlaat en hy roep sy manskappe op en hulle begin marsjeer Israel toe.

"Die Farao kom te hore van die triek en roep sy top vegbrigade op en sit hulle agterna! Toe veldmaarskalk Moses by die Rooi See kom, sien hy daar's geen brug om oor te stap nie. Hy klim net daar en dan op sy radio en roep die ingenieurs van die geniekorps in, en twee uur later land daar sommer drie choppers met manne en voor jy kon seg Jack Johnson toe bou hulle 'n brug wat skrik vir niks!

Veldmaarskalk Moses marsjeer oor en hulle slaat tente op aan die oorkant. Dit was 'n lang dag en net toe veldmaarskalk Moses rustig wou raak met 'n glasier koel wyn, toe kom seg die wagte Farao se brigade is in aantog en gaan ook oormarsjeer! Weer klim die veldmaarskalk op sy radio en kom in verbinding met die lugmag en hy seg hulle om die brug te bombardeer. Twee Mirage vegbomwerpers kom uit die wolke en binne minute toe skiet hulle daai brug in duisend stukke en die top vegbrigade van Farao verdink net daar, en toe kon die Israelse *army* en die veldmaarskalk rustig die aand verkeer!"

"Jan, is dit wat die Sondagskool juffrou vir julle vertel het?" vra Pa ontsteld.

"Nee Pa, maar as Pa hoor wat sy ons vertel het, dan sou Pa my nooit ooit geglo het nie!"

## Doerietyd se Gansbaai is nog die verlang werd

Deur Johan Beneke

My pa was in die boubedryf en daai jare het die hele bedryf elke Desember gesluit. Die volgende dag is ma, pa, kinders en bagasie in die bakkie wat pa vir die werk gebruik het Gansbaai toe om by ouma te gaan kuier. Die 100 myl het omtrent vier ure geduur, want Sir Lowry's Pass en Houwhoek se pas was enkel baan en die laaste 30 myl tot in Gansbaai was grondpad. Daar was nie een stuk teerpad in die hele dorp nie en ook geen Eskomkrag nie, die visfabriek het wel 'n kragopwekker gehad. By die huis was dit kerse, paraffienlampe en koolstowe. My ouma se stoof was 'n Welcome Dover, so 'n roomkleurige een met groen aksente. Die ding was seker ontwerp om met steenkool te werk, maar Gansbaai was bitter ver van die steenkoolvelde, so die stoof moes maar met rooikransstompe regkom. Ek kan goed onthou dat elke dorp waarin ek was of deur gery het, 'n Central Garage en Sonop Kafee gehad het, Gansbaai was nie 'n uitsondering nie. Die Central Garage was vir ons belangrik want dis waar ons ou vonkproppe gekry het om te gebruik as sinkers vir visvang en koeëllaars vir die ketties om voëls en dassies te skiet. Oom Piet Badenhorst was die werktuigkundige. Die ander besighede op die dorp was bekend aan die eienaars se name, visvangerei en aas het jy by Piet Bokkie se winkel gekoop, vleis by Sweetie se slaghuis en omtrent enigiets anders by Willie Swart Algemene Handelaar, die grootste winkel op die dorp.

### Byname

Wat my altyd getref het, was die mense se name. Weinig is op hulle doopnaam en van genoem, seker omrede sommige vanne in oorfloed was en dit sou 'n hele verduideliking verg om te laat verstaan na wie jy nou eintlik verwys.

So byvoorbeeld was my ouma bekend as Dina Daan, want Daan was my oorlede oupa. Af in die straat waar my ouma gebly het was 'n tannie bekend as Kosie Haas, hoekom so was nie bekend nie. Sy was vir my belangrik want soos ek, was sy verslaaf aan lees en het nooit 'n boek wat sy klaar gelees het weggee nie. So, sy was omtrent my persoonlike biblioteek op Gansbaai.

Dan was daar 'n oom bekend as Piet Anker. Wanner jy hom ontmoet is dit dadelik duidelik waarom Anker. Sy neus was op een of ander manier misvorm so dat dit presies soos 'n anker lyk.

Die oom wat die dorp se paaie geskraap het, nagwa gery het en ook die vullislorrie was Jan Raad, want hy het mos vir die dorpsraad gewerk. Wonderlike dae wat ons daai dae in Gansbaai kon deurbring. Waar elke ding sy plek gehad het en elke plek sy naam en elke naam 'n besondere haakplek vir die gedagtes.

## Die kolonoskopie

**DIE organe het 'n vergadering gehou om te besluit wie in beheer van die liggaam is.**

**BREIN:** "Ek moet in beheer wees. Ek dryf al die liggaam se stelsels. Sonder my sal niks gebeur nie."

**BLOED:** "Nee, ek moet die baas wees. Ek sirkuleer die suurstof. Sonder my sal almal sterf."

**MAAG:** "Ek verteer en prosesseer die kos wat aan almal van julle energie gee."

**BENE:** "Ek is die belangrikste, want ek neem die liggaam waar hy wil wees."

**OË:** "Nou ja, dan is ek belangriker. Sonder my sal die liggaam nie weet hoe om waarheen te loop nie."

**REKTUM:** "Julle is almal verkeerd. Onthou, ek is die een wat al die afvalstowwe verwyder."

Die ander organe het vir die rektum gelag en hom allerhande lelike dinge genoem. Toe sluit die rektum. Binne 'n paar dae had die brein 'n geweldige hoofpyn, die maag was verstop, die oë het getraan en die bloed was toksies. Hulle vergader weer en gee die rektum gelyk: Hy is die baas.

**Die sedeles in die storie is dat almal die werk doen, maar die poepol is gewoonlik in beheer.**



## Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

**NIEMAND** [eksderdehorgan@gmail.com](mailto:eksderdehorgan@gmail.com)

Al wat ons het is Cornelius Niemand getroud met Wilhelmina Jacoba Adlem, Niemand, Horgan getroud 1889, Van Staden getroud 1919. Cornelius is oorlede ongeveer 4 jaar voor 1889 en van Uitenhage.

**COETZEE** [Altabeukman280@gmail.com](mailto:Altabeukman280@gmail.com)

Ek soek graag meer inligting oor Frederik Coenraad Coetzee, is besig met familieboom en ken nie sy familie voorgeslagte: ouers en oupas en oumas nie het ook geen fotos van sy families nie het net fotos van hom wat my ma gehad het. My name voor aanneming was Frederika Magdalena Corlina Coetzee gebore 7-6-1961 in Pretoria aangeneem op 26-4-1962 in Christiana my ma was Machtild Johanna (Hall) Terblanche gebore 8-8-1934 in Nylstroom oorlede 3-10-1989 in Sasolburg my pa Frederik Coenraad coetzee gebore in 1934 oorlede in 1979 Pretoria begrawe tussen Klerksdorp en Stilfontein begraafplaas, dis al wat ek van hom weet.

My ma was ook genoem Tillie Tilla haar ouers was John Darrell Hall en Helena Elizabeth Hall (Van der merwe). My pa sal so bly wees om meer inligting en fotos van sy families te kan kry om my familie boom te kan voltooi aan sy kant.

**NIEKERK** [zesteniekerk1991@gmail.com](mailto:zesteniekerk1991@gmail.com)

Gebore Niekerk, agterklien kind van Anna Buys. familie van die buys' op Buysdorp (mara). soek na bvestiging van familie verwantskap

Noq vanne wat inqekom het: Cronje, Van den Heever, Van der Walt, Beukes.

**Gaan na [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) en kyk uit vir jou eie van.**



## Hoe oud sal hierdie ouma wees?

Die vrou se kleinseun gesels met haar en vra haar opinie oor die geweld by skole, die rekenaarera en dinge in die algemeen.

"Wel," antwoord die ouma. "Laat my dink:

"Ek is gebore voor gevriesde kospakkies. Xerox. Kontaklense en die Pil.

"Daar was geen kredietkaarde of laserstrale of rolpuntpenne.

"Die mens moes nog goed uitvind soos broekiekouse, lugversorgers, skottelgoedwassers, en kleredroërs. Ons klere het in die son en die vars lug droog geword. En die mens was nog nie in die ruimte of op die maan nie.

"Oupa en ek het getrou voor ons saamgebly het. Elke gesin het 'n vader en 'n moeder gehad. Tot ek 25 was, het ek elke ouer man as 'meneer' aangespreek.

"Daar was nog nie gayregte, rekenaarafsprake, dagsorgsentrumms en groepterapie nie.

"Ons lewens was geregeer deur die Tien Gebooie. Ons het die verskil tussen reg en verkeerd geken en was verantwoordelik vir ons dade. Dit was 'n voorreg om jou land te dien, en om in hom te leef was nog 'n groter voorreg.

"Tyddeel was iets wat ons saans saam gedoen het, nie woonplekke nie.

"Ons het nie geweet van kortgolf, FM radio's, CDs, DVDs, joghurt of mans wat oorringe dra nie.

Enigiets wat in Japan gemaak was, was gemors. Van Pizza Hut, McDonalds en plekke soos KFC en kettinginkels het nie bestaan nie. Ons het sikspense en sjielings gehad en jy kon nog iets vir hulle (5c en 10c) koop.

"In my dae is gras gesny en nie gerook nie en pot was iets waarin my ma kos gemaak het. Aids was hulpverleners, hardware het jy in 'n ysterwarewinkel gekoop en daar was nog nie eers woorde soos sagteware nie.

"Ons was die laaste geslag wat geglo het 'n vrou moet getroud wees voor sy 'n baba kry.

"Maar sê my, Seun, hoe oud dink jy is ouma?

**ANTWOORD:**

Ouma is in 1950 gebore.

Stuur dit vir ander oumense aan, want die jonges sal dit nie glo nie.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Al wat ek in Engeland mis,  
is die Engelse taal.  
Behoorlike Engels is besig  
om vinnig uit te sterf.

Deur **DAVID BIGGS**

**D**AAR is verskeie redes waarom ek meer tuis voel in Engeland as in Amerika, en nie een van hulle het iets te doen met verlangse voorgeslag-bande nie.

Die Engelse gebruik 220 volt elektrisiteit soos ons, dus werk dinge vinnig en doeltreffend. Met die Amerikaners se 110 volt duur dit eeue voordat 'n strykyster warm is of 'n ketel kook.

Die Engelse skakelaars werk ook op die regte manier: af is aan, op is af. In Amerika werk hulle andersom.

Die Engelse ry ook aan die regte (linker) kant van die pad. Van toeka se dae in die tyd van die kar en perd het jy 'n perd van links af bestyg, en dus was dit logies om op die pad links te hou.

Jy wil jou swaard-hand vry hê as jy jou teen 'n aankomende vyand wil beskerm, daarom hou jy daardie hand in die middel van die pad.

Dit was alles baie logies en moes net so die motor-era ingedra gewees het, soos die Engelse dan ook gemaak het. Toe begin die Franse met die gek idee om aan die regterkant van die pad te ry - net om die Engelse te versondig.

Franse revolusionêre het die idee in Amerika ingesmokkel toe hulle besig was om met die Engelse oorlog te maak.

Wil jy vir iemand waai, of 'n vinger in saluut lig? Watter hand word in die algemeen gebruik?

Korrek! Jou regterhand. Dus moet jy in so 'n posisie wees dat jy jou regterhand by die kar se venster kan uitsteek, reg? Dan moet jy aan die regterkant van jou voertuig sit. Punt.

Die Engelse gebruik ook ordentlike boumateriaal vir hul huise: baksteen en klip en sement. Hul huise bly eeue lank staan.

Amerikaners bou sulke onsoliede strukture wat ontwerp word om 50 jaar te hou. Hulle bly dus hul lewe lank in tydelike skuilings.

Al wat ek in Engeland mis, is die Engelse taal. Behoorlike Engels is besig om vinnig uit te sterf.

Die letter "T" het omtrent heeltemal uit die taal verdwyn, en ander letters is vinnig besig om hom te volg.

As jy my nie glo nie, vra gerus 'n jong Engelstalige om 'n sin met 'n paar Ts te gebruik.

Sê: "A little bit."

"A li oo bi."

So tragies.

Die "ng" aan die einde van woorde raak ook al hoe meer raar. Jy hoor nie meer "saying" en "going" nie - dis "sayin" en "goin".

Ek hoor die Britse universiteite is besig om Amerikaanse dosente in te voer om ordentlike Engels weer in die Britse Eilande te vestig.

Ek dink ons Suid-Afrikaners kan dalk ook van hulp wees.

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidingsgrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:  
[www.onsdorp.com/ekstra.html](http://www.onsdorp.com/ekstra.html)

